# 10 Oktober 2023 - Lesing 149 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

**Bertha Dudde deur die Innerlike Woord**

Johannes 21:25 – 14/7/60

***Johannes 21:25*** *En daar is nog baie ander dinge wat JaHWèshua alles gedoen het; maar as hulle een vir een beskrywe moes word, sou die wêreld self (**wêreldse mense**), dink ek, die geskrewe boekrolle nie (be)vat (**begryp**) nie. Amein.*

**NO: 7647** Aan hulle wat Myne is, gee Ek verduidelikings as hulle dit opreg begeer! In My plan van ewigheid is daar baie dinge vir die mense verborge, want onbeperkte kennis is altyd 'n teken van groot rypheid van die siel, **want kennis sal vermeerder soos wat die liefde groter word**.

Ek is bewus van ewigheid af watter graad van liefde mense sal bereik en daarom het Ek nie meer tydens My lewe op aarde gesê as wat die mense kon begryp nie, aangesien die begrip van diepgaande wysheid ook afhang van hulle graad van liefde af. Nogtans het Ek gespreek oor baie dinge wat nie deurgegee is aan die mense nie, want daar was ook goedhartige mense in My omgewing wat met liefde gevul was **en geskik om diepere kennis te begryp en te aanvaar.** Maar Ek het altyd slegs een leer bly herhaal: **die oordrag van die gebooie van liefde.** Ek het die mense altyd aangespoor om 'n lewe in liefde te leef.

**En hierdie leer van liefde is vandag nog 'My Evangelie'** wat aan alle mense van goeie wil aangebied behoort te word. Want die graad van geestelike volwassenheid van 'n persoon is afhanklik van die vervulling van My gebooie van liefde en die mens se graad van begrip is weer afhanklik van sy siel se graad van volwassenheid. **Liefde waarborg ware kennis** wat tot die diepste dieptes kan indring. En die mens het ook altyd merkwaardige inligting ontvang hoe meer sy wese omvorm het tot liefde en hy kennis begeer het.

Maar daar was nie baie mense wat kennis begeer het nie. Gewoonlik was hulle tevrede met die kennis wat oorgelewer was van persoon tot persoon en wat in die Boek van Boeke (Bybel) gevind kon word.

**Maar kennis - die waarheid vanuit God - is onuitputlik en kan nie beperk word nie,** omdat Ek, as die mees volmaakte Wese, geen beperking ken nie en daarom **beperk Ek ook nie die kennis** van die mens wanneer Hy ernstig streef na volmaaktheid en homself ten volle in liefde omvorm nie.

Dan sal hy dinge leer wat in geen boek geskrywe is nie, Hy sal aanhou indring in die goddelike Wysheid en sy verbasing sal sonder einde wees. Dit sal egter dwaas wees om sulke kennis vir alle mense toeganklik te maak in boeke, want dit vereis 'n hoë graad van geestelike volwassenheid om dit te begryp, wat te min mense op aarde besit.

Maar dit kan bereik word en daarom moet My gebooie van liefde telkens weer aan die mense voorgehou word sodat hulle die volwassenheid van hul siel kan verhoog.

Alhoewel die lewe op aarde kort is, is dit voldoende om 'n hoë graad van volwassenheid te bereik en daarom kan elke mens van die aarde vertrek met 'n hoë graad van begrip, met voorbehoud dat Hy die gebooie van liefde met ywer vervul het.

Want dan openbaar Ek Myself aan hom in gees en plaas die regte gedagtes in sy hart, of dra die waarheid aan hom oor deur die innerlike woord. En dan sal hy die kennis oorskrei wat hy akademies aan bekend-gestel was of wat hy deur sy intellektuele redenasies bereik het. Maar hy sal ook erken dat die Boek van Boeke die waarheid bevat, omdat hy dit met 'n ontwaakte gees sal lees, ongeag die wysigings wat deur menslike intellektuele gedagtes plaasgevind het, **wat slegs deur 'n ontwaakte gees ontdek en reggestel kan word**.

"*Wie My liefhet en My gebooie onderhou, na hom sal Ek kom en My aan hom openbaar*"

En Ek sal hom waarlik in waarheid inlei en hom die regte begrip daarvoor gee. Maar wat egter nie absoluut belangrik is om te weet vir die aardse lewe nie en wat daarom verborge gehou was, **dit sal nou in die laaste dae geopenbaar word aan almal wat Myne wil wees** en wie Ek daarom My ewige plan van verlossing openbaar. Want Ek wil dat hulle die erns van die tyd begryp, hulle moet weet wat vir hulle voorlê en hulle moet in alle liefde vermaan word om aan die einde te dink en hulle voor te berei daarop.

En daarom word kennis nou oorgedra aan mense wat dit, afhanklik van hul graad van liefde, sal glo of verwerp. Hulle word nie gedwing om dit te aanvaar nie, maar hulle behoort daaroor na te dink. Hulle behoort, omdat hulle geen aandag meer gee aan die Boek van Boeke nie, nogtans My Woord ontvang, wat slegs weer liefde leer, maar wat terselfdertyd die mense voorsien van **dieper insig in My plan van verlossing**, want die einde van tyd het aangebreek.

Nou kan ek kennis aan die mense voorlê, wat nie meer voordelig vir hulle is net omdat hulle geloof swak is of heeltemal verdwyn het nie, gevolglik sal hierdie kennis slegs suiwer in ag geneem word deur hulle met 'n sterk geloof, wie ook daarom 'n sterk insig sal verkry in My ewige plan van Verlossing.

Ek openbaar Myself dus aan hulle en vertel hulle dat wat Ek aangekondig het deur sieners en profete vanaf die begin van hierdie periode van verlossing, nou vervul word, want een of ander tyd moet hierdie periode ook eindig en die toekoms moet die hede word. En enigeen met 'n ontwaakte gees sal hierin volle ooreenstemming vind met die Woorde van die Skrif, want wat ookal van My af kom **is altyd dieselfde sal homself nooit teenspreek nie.**

En net soos die oes die einde van die landbouer se pogings is, sal Ek ook aan die einde oes en die siele insamel wat ten volle ryp geword het op die aarde, en hulle sal 'n lewe binnegaan in die geestelike ryk of op die nuwe aarde, soos wat herken en bepaal is deur My Wysheid en Liefde. Ek sal die lewende en die dode oordeel. Ek sal alles plaas waar dit hoort volgens hul toestand van rypheid en dit sal ook beteken dat baie mense wat gefaal het in hulle aardse lewe en weer teruggesink het in 'n toestand van dood weereens verban sal word in harde materie, van waar hulle geleidelik hul weg terug na die lewe moet vind oor eindelose lang tye. Maar niks sal vir altyd verlore gaan nie en eendag sal selfs die laagste gevalle gees die lewe vind wat hy nooit weer sal verloor nie. Amein.